# Informa

November 2004 - 7 Amptelike nuusblad van die personeel van die UV/Official newsletter of the staff of the UFS


# Enrollment planning a way to enhance quality

The UFS will in the next few years have to carefully manage its enrollment of students, said Prof. Magda Fourie, Vice-rector Academic Planning, and Mr Willem Malherbe, Registrar Strategic Planning.

Over the past two years rapid growth was experienced at all higher education institutions, including, the UFS. A lack of employment, more learners passing matric every year, availability of financial aid and an increase in living standards are a few of the reasons why there was an increase of 6,6% in the growth rate at universities in general. At the UFS in particular, the turn-around strategy, better marketing, better programmes and better facilities were responsible for the growth rate above the national average.

Yet the budget for higher education from the National Treasury is a limited one and cannot cope with excessive growth in student numbers. Due to a faster national growth rate than predicted by government, the Department of Education needs to limit the number of students taken in at universities until 2007. In the future we will have to focus more on quality students and differentiated growth in particular programme areas, said Prof. Fourie.

The incorporation of Qwaqwa and the Bloemfontein campus of Vista also had an impact on the growth of student numbers at the UFS. The Qwaqwa campus must grow for it to be financially viable.

Enrollment ... continue on p2




**MOOIRIVIER MAKELAARS bk**

**Spesialiseer in groepsversekering**

**Sekuriteit • Die beste prys • Die beste diens**

Kontak ons by (051) 447 6877, faks (051) 447 5758 of stuur e-pos aan mmbloem@mweb.co.za

# Graduation milestone for the UFS Qwaqwa Campus

On 9 October 2004 the Mandela Hall at the University of the Free State Qwaqwa campus was filled to capacity as the community gathered to celebrate the graduation of 177 students. Among the degrees awarded were one doctorate, eight master's, 31 honours and 46 bachelor's degrees. In addition there were also 91 diplomas awarded.

Qwaqwa campus made history when Dr Motseki Hlatshwayo was the first person from the campus to receive a doctorate in the Natural and Agricultural Sciences. This is a cause for celebration and attests to the resilience of staff and students as well as the commitment and support of the immediate community for the continued offering of relevant postgraduate training on the Qwaqwa campus, said Prof. Peter Mbati, Campus Head.



*At the graduation ceremony are from the left Prof. Peter Mbati, Mrs Busiswa Tshabalala, Director of Education, Thabo Mofutsanyane District and UFS Council member and Prof. Frederick Fourie: UFS Rector.*

In his welcome speech, Prof. Mbati, said: "A special day like today is normally only possible due to the dedication and commitment of many different individuals. It is therefore only fitting that we salute the parents and guardians for all your sacrifices to ensure that your children receive the best education."

The first Deputy President of the SRC, Mr Tello Motloung, also addressed the graduandi. "The year 2004 calls for celebration, as we are not only celebrating ten years of democracy but also your achievements," he said.

Enrollment ... from p1

Mr Malherbe said that the UFS has made a strong case for further growth at the Qwaqwa campus to the Department of Education.

The positive side of the picture is that we are moving the focus from quantity to quality students and we are optimising students' opportunities to succeed, said Prof. Fourie. This the UFS hopes to accomplish through extended programmes with development modules, tutor systems and other support mechanisms.

Mr Malherbe said effective enrollment planning has to create a balance between admitting new first year students and the through flow and outflow of current students, i.e. enrollment planning has to take account of the number of students who will graduate, who will drop out of the system and who will remain in the system, in order to determine how many new students can thus be admitted to the system. The proportion of undergraduate and postgraduate students and the number of students in the various faculties also play an important role in enrollment planning.

The UFS is utilising the registration process as a mechanism to manage enrollment planning. "We will be more disciplined and keep to deadlines for registrations," said Prof. Fourie. "After 30 November 2004 only applications which are in accordance with our planning parameters will be considered," she said.

Through extended programmes and counseling services the UFS tries to create a learning environment to add quality and prevent a drop in standards. "We want to make higher education accessible to all. Although it makes more demands on human and financial resources, we are committed to face the challenge of creating a balance between equity, redress and quality," said Prof. Fourie.

The enrollment planning process should not have a dramatic impact on staff, said Prof. Fourie. Although the growth phase of the UFS is something of the past, the success of the turn-around strategy has given us a stronger basis on which to build. "We are now ready to enter the consolidation phase where we will focus on quality."

## SRC plans a reunion for old members

The 2004/2005 Student Representative Council (SRC) of the UFS is planning a reunion for old SRC members on 5 February 2005. The reunion will form part of the closing activities of the UFS centenary. If you are interested in attending the event, you are requested to contact Nicolaas du Plessis, SRC Officer, at:

Tel: 051 401 9093
Cell: 084 955 0875 or
Fax: 051 447 7344 or
E-mail at:
duplessisnf.rd@mail.uovs.sc.za.

# UFS Sasol Library celebrates its 21st

Staff of the Library and Information Services Department invited its stakeholders to a big celebration of the UFS Sasol Library building which was constructed in 1983. The 21$^{st}$ birthday of the library coincides with the centenary celebrations of the university, said Ms Pateka Matshaya, Deputy Director: Library and Information Services.

The birthday was celebrated with cold drinks and cake for all. The first of the four cakes that were served was dedicated to the students and all library affiliated clients for using the library as a home and a place to study. The second was dedicated to top management, for assisting the library staff in acquiring the necessary funding for a beautiful building.

The third cake was dedicated to the university workers, especially academic and support staff, whose partnership contributed to the active role the library played as a learning centre. The last cake was dedicated to the existing, late and retired library staff for their devotion and commitment in serving the changing library clientele and their needs.



*From Library and Information Services, celebrating the 21st birthday of the UFS-Sasol Library are from left: Mrs Huibre Lombard, Ms Pateka Matshaya, Mrs Alida Dippennaar, Retired: Registrar for Library and Information Technology, Mr Herman Van Wyk and Mr Clemence Namponya.*

A diary, completed by those who attended the birthday party, was presented as a lifetime gift to the library as part of its history.

# Plantwetenskappe spog met die mooistes



*Die Departement Plantwetenskappe spog nie net met 'n trotse akademiese rekord nie, maar het ook twee skoonheidskoninginne in 2004 opgelewer. Me. Angelique Diederichs (links), honneurs-student in Genetika, is onlangs as Mej. Thaba 'Nchu Sun aangewys terwyl me. Marinda Maritz (heel regs), sekretaresse by Plantpatologie, as Mej. Bloemfontein Roos gekroon is. Prof. Sakkie Pretorius (middel) is hoof van die Departement Plantwetenskappe.*

# Koop nou Eeufeeswyn




Hier is 'n kans wat 'n mens nie deur jou vingers moet laat glip om nog 'n glasie op die UV se volgende eeu te klink nie. Kovsie-alumnitrust het 'n rooiwyn (shiraz/ cabernet sauvignon-versnit) en 'n witwyn (blanc de blanc) in 'n vooraf-verpakking teen R60 beskikbaar. Wit Muskadel is teen R25 per bottel beskikbaar. Hierdie wyn is met 'n goue medalje bekroon. Die wyne is van die Landzicht Wynlandgoed by Jacobsdal. Kontak Elana de Lange by UV-Bemarking, tel. 051 401 9353, faks. 051 401 3758.

# SHOSO spog met navorsing

Met 'n spesiale aanbiedingsdag by die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en Ontwikkeling (SHOSO) het 15 studente hul navorsing op M. of D.-vlak bekendgestel. UV-personeellede wat vir kwalifikasies of geleentheidstudie in die formele Program in Hoëronderwysstudies geregistreer is, het die meeste van die aanbiedings gemaak, sê prof Annette Wilkinson, hoof van die afdeling Hoëronderwysstudies en -navorsing by SHOSO. Personeellede uit vyf verskillende fakulteite en verskeie steundiensafdelings is betrokke by die program.

Die doel van die geleentheid was nie net om studente die geleentheid te bied om die vordering in hul eie navorsingsprojekte te toon nie, maar ook om hulle voor te berei vir toekomstige optredes tydens nasionale en internasionale seminare/kongresse. As goeie rolmodelle het die personeellede van SHOSO hul ervarings tydens internasionale kongresse met die studente gedeel – en met hul eie PowerPoint-aanbiedings gespog! Die gehoor het lustig deelgeneem aan die evaluering van die studente se aanbiedings, wat volgens vyf kriteria geskied het. Na 'n kop-aan-kop stryd is prof. Ronell Britz van die Sentrum vir Rekeningkunde en me. Liezel Nel van Rekenaarwetenskap en Informatika as die gesamentlike wenners aangewys. Prof. Britz se tema was "*The applicability of action research in a management faculty – a case study at the UFS*". Me. Nel het gepraat oor "*The pains and gains of a Cooperative Learning Approach in Blended Learning at the UFS*".

# Nederland verwelkom UV studente



*Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die UV het 'n ooreenkoms met die HES Business School in Amsterdam, Nederland gesluit. Die ooreenkoms behels student- en personeeluitruilprogramme en 'n langtermyn-samewerking ten opsigte van entrepreneurskapsmodules. Van links is mnr. Peter Fonkert, HES Business School, prof. Helena van Zyl, Direkteur: UV Bestuurskool, dr. Berry Bock, HES Business School, en prof. Tienie Crous, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.*

# UK grant will help research on SA dunes

The UK based Leverhulme Trust has awarded a research grant of £29 000 (approximately R350 000) for collaborative research into the geomorphic evolution of dune systems, coastal aeolianites and sea level change along South Africa's southern and western coasts, said Prof. Peter Holmes from the Department of Geography at the UFS.

Dr Mark Bateman of the University of Sheffield is the principal grant holder, and Prof. Holmes is the principal South African collaborator. Prof. Holmes introduced Dr Bateman to the Southern Cape during fieldwork in 2001 and the two published their initial findings that revealed dune development associated with sea-level changes over the last 200 000 years.

The bulk of the grant will cover laboratory costs at the University of Sheffield and fieldwork in South Africa. A better understanding of how, and when, South Africa's coastal environments have evolved will provide a context for archaeologists who are reconstructing the origins of modern humans in the Southern Cape region.



*Prof. Holmes using a Dormer hydraulic corer to extract sand samples for optically stimulated luminescence dating from a dune cordon near Sedgefield.*

# UV erken 53 vir langdiens

Drie-en-vyftig personeellede het in die Eeufeesjaar van die universiteit langdienstoekennings vir onderskeidelik 35 jaar en 25 jaar diens ontvang.

Prof. Frederick Fourie, Rektor, het aan die ontvangers van die langdienstoekennings gesê: “In ’n jaar waarin die skryf van die geskiedenis van die UV as deel van die Eeufeesvieringe ’n prominente plek ingeneem het en ’n mens die afgelope 100 jaar weer nuut beleef het, is die waarde wat mense elke dag tot die UV toevoeg, duidelik sigbaar. Soveel personeellede het oor ’n lang tydperk bygedra om van die UV ’n gehalte universiteit te maak en sal steeds voortgaan om dit te doen in die gees van die Eeufees 100+.”

Hy het personeel bedank en erkenning gegee vir die plus wat hul tot elke dag se werk voeg. “Die studente wat elke jaar nuut tot die UV toetree, wil u bedank vir ’n universiteit wat op ‘n innoverende wyse vormend op hul lewens kan inwerk. U het die boustene van ’n toekoms vir hulle help skep,” het hy gesê.

By ’n spoggeleentheid is die volgende langdienstoekennings gemaak, vir 35 jaar diens: *Prof. J.F. Botha • mnr. M.G. Botha • mej. A. de Klerk • mnr. M.J. Doman • prof. H.C. Janse van Rensburg en mev. S.M.C. Reinecke.* Vir 25 jaar diens: *prof. S.L. Barnard • mnr. B. Botma • dr. H.J. Breytenbach • dr. M.W. Brussow • mnr. N.L. Combrink • mev. A.J. Du Plessis • mev. C. Du Plessis • prof. L. Goedhals • mnr. M.E. Hlazo • prof. B.B. Hoek • dr. S.J.E. Janse van Vuuren • mnr. M. Kgasane • mev. A. Kgosi • dr. W.P. Konig • dr. P.A.L. le Roux • prof. N.J. Luwes • dr. N. Luyt • mev. S.E. November • mev. M. Mabaso • mev. M.K. Maruping • prof. J.D. Marx • mnr. J.P. Masedi • mnr. G. Mokapane • mnr. J. Mokapane • mev. M.L. Molosi • mev. M.M. Molwagale • mnr. P.J. Moorosi • mev. C. Moroagae • mev. E. Moroale • mnr. G.G. Mothokwane • prof. M. Mulder • prof. A.C. Otto • mev. H. Pelser • me. E. Pelzer • mev. M.M. Pheko • prof. E. Pretorius • mej. M.P. Richter • mev. E. Rouls • prof. M.T. Seaman • prof. R.B. Snowdowne • prof. J.P. Strauss • mev. M.S. Tsolo • prof. H.J. van der Linde • dr. S. Van Vuuren • prof. J.B. van Wyk • dr. J.M. Van Zyl • prof. T. Verschoor en mev. M.H.S. York.*

“Wees verseker van my waardering vir u lojaliteit en toewyding tot ‘n universiteit wat versigtige treë neem in ‘n nuwe eeu van sy bestaan. As ons die regte ding reg doen met opregte geloof in ons Hemelse Vader sal ons in staat wees om te bou op ‘n vaste fondasie wat gelê is deur mense soos u,” het prof. Fourie gesê.



*Van links is mev. Christa du Plessis, Sentrum vir Hoëronderwysstudies en –ontwikkeling, mnr. John Moorosi, Grondgewas- en Klimaatwetenskappe, prof. Frederick Fourie, prof. Jopie Botha, Instituut vir Grondwaterstudies, me. Susan Reinecke, Plantwetenskappe, mej. Aletta de Klerk, KovsieSport en dr. Sarie van Vuuren, Sosiologie.*


# CHESD lecturers in Europe

Three staff members of the section Higher Education Studies and Research in the Centre for Higher Education Studies and Development (CHESD) undertook tours abroad during September 2004.

Prof. Annette Wilkinson, head of the section, visited Austria and South Germany to gain new perspectives on contemporary teaching and learning approaches in higher education, including the use of technology in this regard. She presented a paper at the Multimedia Applications in Education Conference in Graz, Austria, entitled “*The developmental role of multimedia applications in a South African University*” in which she described the resource-based learning approach in the Career Preparation Programme at the UFS, as well as the role of multi media in the structured supervision programme for students from developing communities.

Dr Mabokang Mapesela, senior lecturer in the section, took part in a joint poster presentation in Barcelona, Spain, at the European Higher Education Society Conference. The presentation was titled: “*Will Institutional mergers lead South African higher education to the ‘promised land?”* She also presented a paper on “*Deconstructing the Basotho Indigenous Knowledge for possible application in higher education*” at the British Educational Research Association (BERA) conference in Manchester.

Also at the BERA conference, Dr Fanus van Tonder, senior lecturer, presented a paper on the developmental work which was undertaken as part of the NRF Performance Management Project. Dr Van Tonder also visited the offices of the Higher Education Funding Council for England (HEFCE) and the Centre for Higher Education Studies (CHES) in London.





*Launching the book, are from left: Prof. Christian Rogerson from the University of the Witwatersrand's School for Geography, Archeology and Environmental Studies, Dr Gustav Visser, and Ms Kirsten Kilian, assistant series editor of the Africa Institute of South Africa, the publisher of the book.*

# UFS lecturer contributes to tourism book

Tourism is currently recognised as one of the sectors with the most potential to contribute to the economic regeneration of the African continent, said Dr Gustav Visser, lecturer in the Department of Geography at the University of the Free State and co-editor of the book *Tourism and Development Issues in Contemporary South Africa.*

The book was released by the Africa Institute of South Africa's Publications Division. The objective in this volume is to contribute to ongoing policy debates as well as an academic understanding of the shifting role of tourism and development, and of tourism and empowerment. Some of the key themes dealt with in this book include pro-poor tourism, tourism education and the use of new technologies, investment, nature-based tourism, new products, and barriers to developmental tourism.

# Taljaard beste in Suid-Afrika

Die meestersgraadverhandeling van mnr. Pieter Taljaard, 'n dosent aan die Departement Landbou-Ekonomie, is op die kongres van die Landbou-Ekonomie Vereniging van Suid-Afrika (LEVSA) aangewys as die beste in die land. Die onderwerp van sy verhandeling is *'n Ekonometriese skatting van die vraag na vleis in Suid-Afrika. Van links is prof. André Jooste, hoof van die Departement Landbou-Ekonomie; mnr. Pieter Taljaard en prof. Herman van Schalkwyk, Dekaan: Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe.*



## Priceless addition for Agricultural Economics

The Department of Agricultural Economics received a computer programme from Senwes which will be used by undergraduate and postgraduate students to download market prices from the internet, update and analyse the prices, daily.

# time out with...





## Elizabeth Nchapi

***Finance is her passion***

Who is Ms Nchapi, I asked? Without hesitation or fear of revealing too much about herself, or her age, she said: "I was born in Mount Fletcher, a small town in the Eastern Cape, where I matriculated. I am 39 years old and married with three kids named Palesa, Motebang and Molapo. My first name is Moipone, but with four Moipone's on campus everybody calls me Elizabeth."

Holding the fort in the Finance Division at the Qwaqwa campus is a big responsibility, Elizabeth said. "I was always passionate about finance and all my life I worked in the finance department." Elizabeth equipped herself to enhance her skills and knowledge of this passion of hers. In 1983 she did a diploma in Commerce at the then University of the North campus in Qwaqwa and later in 2001, at the same institution, she enrolled for her B.Comm. degree. Her hard work paid off and in May this year Elizabeth obtained her B.Comm. Honours degree in Accounting.

Elizabeth started working at the Qwaqwa campus ten years ago. Since then she witnessed many changes, but due to her positive nature, all for the good. "When I joined Finance in 1994 I was the first black person in that office. After 1999, when management was suspended, a number of people left the university, giving only 24 hours' notice. In 2001 I was asked to assist and was appointed as acting head of the Finance Division. It was really challenging because in a short period of time I had to sit down and learn the job by either consulting those people who left or with the financial advisor that was appointed by the university administrator.

A normal day at the office for Elizabeth starts with a prayer, whereafter she writes in her diary. Now, being ready to face all challenges coming her way, she will check her e-mails, open the cashier's offices and tend to the normal business of the day. After work Elizabeth will leave the office to attend gym and on Tuesdays she likes attending church where she is part of a group who prays and gives advice to the terminally ill.

The community of Qwaqwa is very important to Elizabeth. "People in our community are looking for a better service. Although the Qwaqwa campus is not the same as the other two campuses, because of its unique environment with different needs, we are in the position to deliver a higher standard of service to our community. It is not an easy process but through communication, hard work and an attitude of "we can" we will be able to provide a quality service," she said.

# UFS present at International Geological Congress

Dr Wayne Colliston and Profs. Willem van der Westhuizen and Derik de Bruiyn from the Department of Geology presented scientific papers on their research to a multi-national audience and participated in two international excursions at the 32$^{nd}$ International Geological Congress in Florence. Dr Colliston also participated in a workshop and field excursion on "*Fluid flow in faults*".

Prof. De Bruiyn attended the International Excursion to examine the geology and volcanism of the volcanic islands and volcanoes of Stromboli, Lipari and Vulcano. Dr Colliston and Prof. van der Westhuizen participated in the excursion to NW Turkey, to examine high pressure metamorphic rocks.



*The International Excursion Group consisted of representatives from China, England, Finland, Israel, South Africa, Turkey and Japan. The tour leader was Aral Okay from Turkey. Prof. Van Der Westhuizen is third from left and Dr Collins is far right.*

# *Op 'n feestyd vol vreugde!*

Mag hierdie feestyd vir jou nog meer spesiaal wees as die voriges. Ek hoop dat *2004* se laaste paar dae én die nuwe jaar vir jou net goeie tye sal inhou.

Ek waardeer jou steun en sien uit daarna om in die toekoms steeds jou voorkeurraadgewer in belegging- en voorsorgsake te wees.



**Ben Opperman**
**Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur**
**051 407 8156**
**082 457 2240**
**benoprmn@intekom.co.za**

*Ons dink vooruit* **Sanlam**

Sanlam CI0912MS0521BPA

# 5 Minute



# Die waters wat verby is en 'n bosluisbyt!

Dagsê

Bultjie was nou die aand in die nuwe Onthaalgebou van die Rektor vir die oorhandiging van Langdienstoekennings aan personeel. 'n Mooi gebou, mooi geleentheid en lekker kos! Ek het uitgewerk dat die lotjie se diensjare saam 1 410 beloop. Gesamentlik het die mense dus kennis opgebou wat, as al die kennis in een persoon se kop was, hy of sy reeds in die jaar 594 moes begin swot het! En ou Jan van Riebeeck het eers hier in 1652 kom Nguni-bees braai! Om te dink, die mense het 'n kwart of meer van die Varsity se geskiedenis van 100 jaar hier spore getrap en klippe gekap. Geluk mnr. M.G. Botha, vroeër van Geologie, met jou 35 jaar van klippe opbreek. Ek wonder hoeveel kennis hy van die Geologie moes opgebou het! Ongelooflik hoe die tyd vlieg!

Imagine the year 594. A great Greek poet of those times already had remarkable insight: "You can't step into the same river twice," or "dogs bark at what they don't understand." Today, more than 1 400 years later, ideas about life, nature, and the cosmos remain as startlingly original as ever. I heard one of my students uttering an age-old truth: "You can't fool the same woman more than once!"

Ja, ons wortels kom van vêr af. Mammie sê reeds sy wil my DNA laat ontleed vir hierdie nuwe voorgeslagtoetse. Sy sê: "Iewers in my genepoel moes my voorgeslagte die 'Big Bang' misgeloop het." En dit net omdat ek nie kan verstaan hoekom elfuur op my horlosie verkeerd kan wees as al die ander horlosies in die huis sê dit is reeds kwart voor twaalf nie! En nou kom ontdek hulle nog Venus is die enigste planeet wat kloksgewys om sy eie as draai. "Dit wys jou," sê Mammie: "Mans is van Mars en foeter altyd stroomop in die verkeerde rigting!" Ek sweer sy't prof. Engela Pretorius se intreerede bygewoon. Mammie is beslis in die "third wave of feminist theory, namely postmodernist feminism, which underscores diversity and difference. The effort of these feminists is aimed at all systems of domination!"

Ja, die tye verander en die wêreld die draai, die draai, soos Langenhoven na sy sesde glasie soetwyn gesê het! Dis einde van die jaar. So julle moet die vakansie INTENS gaan vakansie hou. Carpe Diem!

Mense wat voorwaar die dag gryp, is bv. die oftalmoloog, prof. Andries Stulting en sy bekwame span wat die Katarakblits uitgevoer het. Geluk met die goue medalje wat hy in Moembaai, Indië ontvang het. Naastediens met visie! Mej. Ellie van Dalen van Dierkunde en Entomologie wen toe 'n Nasionale Innoveringsprys van R50 000 met haar plan om bosluise wat 'n weerstand opgebou het teen chemiese middels te bestry. Die diereryk is haar ook dankbaar!

Een man wat ook sy rus verdien, is Willie Lubbe by Salarisse. Seker een van die hardwerkendste en vriendelikste mense op die kampus. En prof. Kapokkie met sy dirigeerstokkie! Ons gaan jou mis, Deon! Lekker rus en mag jy weet jy's een van die talentvolste musici wat hier hemelse klanke gemaak het.

Maar Bultjie hoor ook van mense wat my laat jeuk van bosluisbyt! Kan julle glo dat 'n Dame-van-buite die kampus met 'n sekere Dame-op-kampus 'n afspraak maak om te verduidelik hoe die UV vir zero uitgawes gemeenskapsdiens kan doen en vreeslik baie geld kan maak as ons werk en indiensopleiding verskaf aan die publiek. Die Staat betaal sien! Die Dame-van-buite kry die Dame-van-binne nie in haar kantoor nie en vra langsaan. Die ander Dame-van-binne reken sy is nie Nommer Een se sekretaresse nie! Uiteindelik opgespoor luister die Dame-van-binne drie minute na die Dame-van-buite se goed voorbereide beredenering.

Bultjie ... vervolg op p10

# Ohio professor talks about peace

US Fulbright professor Dick Weisfelder from the University of Toledo, Ohio, visited the Department of Political Science and held a number of seminars as part of the honours programme in International Relations. His seminars addressed amongst others, South Africa's role in Africa in relation to peacekeeping; the Lesotho intervention in 1998 and subsequent peace building; and the political dynamics of the American presidential election campaign.

# UV werk vir SA rugby




*Dr. Louis Holtzhausen, Direkteur: Kovsie-gesondheid (regs), en mnr. Jacques Nienaber, fisioterapeut aan die UV (links), is gekies as onderskeidelik spandokter en fisioterapeut van Suid-Afrikaanse rugby se A-span. Dr. Holtzhausen is ook aangestel as spandokter van die CATS se Super 12-streekspan. Mnr. Nienaber is vir 'n geruime tyd al die fisioterapeut van dieselfde span.*

## Aanstellings, aftredes en bevorderings

**Prof. Nico Coetzee** van die Departement Menslike Bewegingskunde tree af op 31 Desember 2005.

Die kontrakaanstelling van **prof. Pieter Keulder** as waarnemende akademiese hoof van die Qwaqwa-kampus is verleng tot 30 Junie 2005.

In die Fakulteit Geesteswetenskappe is die volgende persone tot Senior Professor bevorder: **Prof. L. Cilliers** (Dept. Engels en Klassieke Tale), **Prof. D.A. Louw** (Dept. Sielkunde), **Prof. P.J. Nel** (Dept. Afro-Asiatiese Studie, Gebaretaal en Taalpraktyk), **Prof. D.J. van den Berg** (Dept. Kunsgeskiedenis en Visuele Kultuurstudie), en **Prof. H.C.J. van Rensburg** (Direkteur: SGSN).

In die Fakulteit Regsgeleerdheid is **Prof. A.W.G. Raath** (Dept. Staatsreg en Regsfilosofie) tot Senior Professor bevorder.

In die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe is **Prof. J.C. Du Preez** (Dept. Mikrobiologie, Biochemie en Voedselbiotegnologie), **Prof. J.U. Grobbelaar** (Dept. Plantwetenskappe), en **Prof. L. Scott** (Dept. Plantwetenskappe) tot Senior Professor bevorder.

**Dr. A. Kotze** van Departement Plantwetenskappe is as geaffilieerde medeprofessor aangestel.

**Dr. B. Lodolo** van die Departement Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie is as geaffilieerde senior lektor aangestel.

Geaffilieerde lektorskap is toegeken aan **Drs. Gerrit Rossouw, Charles Cock** en **G.C. van der Linde** van die Departement Anatomiese Patologie.

**Dr. R.P. Reyneke** (Maatskaplike Werk), **dr. S. Botes** (Menslike Bewegingskunde), **mnr. A.J.R. de Wet** (Musiek), en **prof. S.M. Niemann** (Vergelykende Opvoedkunde) word vanaf 1 Januarie 2005 aangestel as departementele voorsitters.

**Prof. J.A.A. Lazenby** (Privaatsektorbestuur), **prof. H.A. van Wyk** (Opleiding van Rekenmeesters), en **prof H.J. Kroukamp**, (Openbaresektorbestuur) is aangestel as programdirekteure.

**Dr. J.O. Lotz** is vanaf 1 Januarie 2005 aangewys as voorsitter van die Departement Ondernemingsbestuur.

**Mnr. T. Manchu** is as Hoof: Studentesake vir die Qwaqwa-kampus aangestel.

# Drie praat in Australië

Drie personeellede van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe aan die UV, prof. Wijnand Swart, Departement Plantwetenskappe, Plantpatologie, prof. Schalk Louw, Departement Dierkunde en Entomologie en prof. Seef Pretorius, Departement Grond-, Gewas- en Klimaatwetenskap, het die Tweede Australiaanse Nuwegewaskonferensie in Australië by die Universiteit van Queensland bygewoon.

Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die fakulteit dat drie verskillende departemente uit die fakulteit op uitnodiging referate gelewer het by die kongres. Na die kongres het profs. Swart, Louw en Pretorius 'n uitgebreide toer na boere en navorsingsinstansies aan die ooskus van Australië bygewoon.



*Besoek ook navorsingsinstansies, van links is profs. Swart, Louw, en Pretorius.*

# Law delegates at Cambridge

Prof. Johan Henning, Dean of the UFS Faculty of Law, and three academic assistants and UFS LL.B. students, Mr Sam Moleko, Ms Charlotte McDonald and Mr Quintin du Plessis, former SRC Chairperson, were in Cambridge to attend the 22nd International Symposium on Economic Crime.

Prof. Henning delivered papers on *Liability for auditors* and *Risks to financial intermediaries and those who advise on handling other people's wealth*. He is also a Director of the Centre for Company and Partnership Law of the Institute of Advanced Legal Studies, at the University of London.



*From the left are Mr Quintin du Plessis, Ms Hildegard Lombard, research assistant in the office of the dean, Ms Charlotte McDonald, Prof. Johan Henning, Adv. Jannie Lubbe, extraordinary professor in the office of the Dean of Law, Adv. Jaco de Bruin, Senior Lecturer at the Department Roman Law History of Law and Comparative Law, Mr Sam Moleko, Ms Thapi Matsaneng and Ms Yu-Fang Wen, both Atlantic Foundation doctoral fellows in the Faculty of Law.*

Bultjie ... vanaf p9

Dan val sy haar in die rede met: "Luister, Vroutjie, ek het nie tyd vir sulke nonsens nie. Neem asb. u visitekaartjie saam. Ek is besig!" Bultjie wens dié Dame-van-binne minstens een nagmerrie genaamd 'Die Groot Gewete' toe wat nie eers Jung sal kan oplos nie! Gedane skade! "You can't step in the same river twice."

Geseënde Kersfees en RY VERSIGTIG!

*Bultjie*



# Klippies in my skoen

## 'Hardloop maar self en lewer af'

**Help asseblief skryf:**
Dit is soms maar vir my moeilik om sin te maak van die twee wêrelde wat ons op kampus beleef.

Aan die een kant is ons besig om van die mees gesofistikeerde rekenaarstelsels in werking te stel en kan ons met die druk van 'n knoppie met mense aan die ander kant van die aardbol kommunikeer, maar dit is 'n saak van onmoontlikheid om 'n ding in 'n koevert by iemand in 'n ander gebou op die kampus te kry. Bodedienste bestaan in sommige gevalle en in ander gevalle glad nie. En sommige van hulle werk net tussen sekere geboue - jammer vir die ander. As jy dringend iets by iemand moet kry, hardloop jy maar self en vergeet van die ander werk wat wag.

Jy is ook gelukkig as 'n posstuk by jou uitkom. Dit kan tot meer as twee weke duur net om op die kampus by die regte persoon uit te kom.

Ek bekommer my ook oor rekeninge van verskaffers. Sommige koerier dit maar, want stuur hulle dit met die pos lyk dit of dit in daardie groot gat in die Melkweg verdwyn.

Kan iemand nie asseblief help!

**Mnr Phillip Ryan: Logistieke dienste antwoord:**
Die inperking van die bodediens in fakulteite, was 'n natuurlike uitvloeisel van die Wolvaardt draaistrategie, en dit was dan ook die keuse van departemente/fakulteite watter dienste nie meer gelewer gaan word nie.

Die bodes by die posafdeling het uitsluitlik ten doel om posstukke vanaf die admin na die res van die kampus te versprei, en dit net as die afsender in die admin geleë is, en per posboekie die stukke wil laat aflewer.

Alle ander kampuskorrespondensie word deur die aantal oorblywende bodes in die departemente/fakulteite self hanteer, en word alle pos wat die posafdeling vir die res van die kampus ontvang, in die posbusse onder in die admin gebou gesorteer.

Die posstukke wat "stadig beweeg", is dus nie noodwendig die verantwoordelikheid van die posafdeling se bodes nie, soos wat hier verduidelik is. Indien dit wel die geval is, moet die probleme by die kantoorhoof van die posafdeling aangemeld word, sodat die saak ondersoek kan word.

Indien rekeninge van verskaffers aan 'n departement/fakulteit geadresseer word, word die posstukke op 'n daaglikse basis in die posbusse by die posafdeling gesorteer.

Die drie beskikbare bodes by die posafdeling se take is nie net beperk tot die lewering van 'n bodediens nie, maar is slegs een van die take aan hul opgelê. Hierdie funksie kan nie na die res van die kampus uitgebrei word nie.

# UV-teoloë reik uit na die nasies

Drie dosente van die Fakulteit Teologie aan die UV het die afgelope tyd buitelandse besoeke afgelê. Prof. Sybrand Strauss het die Fakulteit Teologie in Suid-Korea en Japan verteenwoordig waar hy die geleentheid gekry het om lesings te lewer en te preek. Hy was beïndruk met die entoesiastiese meelewing van kerklidmate.

Met 'n besoek aan Nederland, België, Frankryk en Italië het prof. Johan Janse van Rensburg teologiese gesprekke gevoer met verskeie akademici. Hy het ook 'n aantal kunsgalerye besoek ter voorbereiding vir twee vakkundige artikels waaraan hy werk.

Dr. Jan-Albert van den Berg het 'n interkulturele forum oor *"HIV/Aids, Violence and Children: A Ground-Up Practical Theology from Atteridgeville and Katlehong, South Africa*" aangebied met sy besoek aan Duitsland en Hongarye. Met dieselfde seminaar deel hy nog Suid-Afrikaanse perspektiewe met sy werkswinkel oor "*The river of violence - Perspectives on Violence from a Private Maximum Security Prison in South Africa*".



*Die drie teoloë wat die buiteland besoek het is van links: prof. Strauss, dr. Van den Berg en prof. Janse van Renburg.*

# ...Bottom Line...





**ACCOMMODATION**

**STUDENT ACCOMMODATION (CAPE TOWN)**

**Ideal for large/small groups (sports groups/academic/ holiday accommodation)**
**Five star budget accommodation**
**Conveniently situated close to UCT and all that Cape Town offers**

**Rate:**
**From R75 / sharing**
**Bed & Breakfast (Continental)**
**Meals available upon request**
**Phone : (021) 447 9056**
**Fax : (021) 447 5192**
**E-mail :** info@riverview.co.za
**www.capebudgetaccommodation.co.za**
**www.riverview.co.za**
**Special group rates / Long staying guests are eligible to our discount**


## Nuusbriefwerkswinkel toe baie leersaam

Strategiese Kommunikasie aan die UV het in samewerking met die Volksblad 'n nuusbriefwerkswinkel aangebied. Personeel van verskillende fakulteite op kampus sowel as individue van buite die universiteit het die kursus bygewoon.

Me. Leatitia Pienaar, koördineerder van die werkswinkel, het terugvoering ontvang van 'n aantal van die mense wat die werkswinkel bygewoon het. Dr. Lyzette Hoffman, Publikasie-redigeerder by die Departement Sielkunde, sê: "Dit was baie interessant en leersaam." Me. Dora du Plessis van die Sentrum vir Landboubestuur het dit ook baie leersaam gevind en versoek dat daar volgende jaar 'n opvolgkursus gehou word.



*By die nuusbriefwerkswinkel was, van links: me. Susan Christie, Kliniese Vaardigheidseenheid, Fakulteit Gesondheidswetenskappe; me. Dora du Plessis, Sentrum vir Landboubestuur, Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe; en mnr. Clement Mhlanga, Disaster Risk Management, Training and Education Centre for Africa (Dimtec).*

## Advertensies

**Koop ou horlosies**, werkend of nie werkend, vir kontant. Vir meer inligting skakel mnr. J.C. King by 051 444 5329.

**Gastehuis op Stellenbosch:** Kleine Herberg Gastehuis. Geleë in veilige, rustige Mostertsdrift, naby Coetzenburg-sportgronde en Eersterivier. Bed en ontbyt asook selfsorg. Dubbel R180 p.p. en enkel R240 p.p. Spesiale tarief vir langtermyngaste. Skakel Carien Smith by 021 887 5558 of 082 331 8834 of stuur e-pos na kleineherberg@yahoo.com.

**Vakansie-akkommodasie in Hartenbos**. Nuutgeboude eenhede wat 6 slaap – 2 slaapkamers en 2 badkamers, oop plan, onderdak braai en swembad. R800 per dag per eenheid. Karavaanstaanplek deel van eenheid (R150 ekstra, opsioneel). Stapafstand van alles. Skakel asseblief dadelik 0822009421.

**Vakansie in die Wildernis/George!** Netjiese 2-slaapkamerwoonstel, seeuitsig, volledig toegerus. Skakel mev. Du Plessis by 044 8770956 of 082 6935929.


## Publikasiebesonderhede

Informa word saamgestel deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs

**Ontwerp en uitleg:** Chrysalis Advertising & Publishing

**Drukwerk:** Print 24

**Menings wat in Informa gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die Universiteit van die Vrystaat nie.**

informa.stg@mail.uovs.ac.za

http://www.uovs.ac.za/publications
http://www.uovs.ac.za/publikasies


**Adresplakker**